**Donderdag 28 April**

**Skrifgedeelte: Johannes 9:1-3, 24-39**
**Fokusgedeelte: Johannes 9:3**

## God se werke in ons

Wie het gesondig? Blindheid is 'n skrale straf op sonde – die dood behoort die vonnis te wees. Die feit dat die blinde nog lééf, getuig van God se genadige uitstel van sy oordeel oor die sondaar. Die vloek van Adam word op Hom oorgeplaas wat die klei aan die oë van die blinde smeer. Dié lewensbegenadiging ontvang ons almal ten dele, danksy die werking van God in die mens.

Met hierdie man sou egter iets méér gebeur: sy blindheid sou ook weggeneem word. Dis 'n heenwysing na die herskepping van ons aardse liggame met die wederkoms. Die wonder het die blinde nie net visueel bemagtig nie, maar nuwe horisonne op alle lewensterreine vir hom ontsluit – nog 'n vrug van God se werk in hom.

Veel belangriker gebeure sou volg: die werke van God in sy hart en denke – in sy siel. Deurslaggewend vir sy saligheid was wat daarna met hom gebeur het. Die herstel van sy oë sou op die agtergrond skuif – sy belydenis oor Jesus op die voorgrond. God sou daarvoor sorg dat hy oor die wonderwerk sou praat en dus oor Jesus nadink. Aanvanklik noem hy Hom net 'n profeet. Sy konfrontasie met die Jode voer hom egter na dieper bepeinsing: Wie is Hy? Hoe kon Hy iemand wat van sy geboorte af blind was, laat sien? Hy moet dus God wees (vs 33).

Sy oortuiging bring uitbanning uit die tempel mee, maar terselfdertyd bevryding van die gif van die rabbi's se verwronge wetsvertolking. Sy oë sou nou geestelik oopgaan. Sy Geneser word sy Here – die Een wat aanbiddingswaardig is (vs 38).

Mag dié gedeelte u laat sien dat God net so kragtig en seënryk in elkeen van ons werk.

*Sing: Skrifberyming 24 (1-1):1, 6*

*Ds. AS (Fanus) Heystek (Emeritus)*